DIE BRAHMAN BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA
THE BRAHMAN BREEDERS' SOCIETY OF SOUTH AFRICA
3 Chris Botha Straat/Street, Westdene, Bloemfontein
Privaatsak/Private Bag X12, BRANDHOF 9324
T. 051 444 0172/444 0175 F. 051 444 0961
E. info@brahman.co.za W. www.brahman.co.za

17TH WORLD BRAHMAN CONGRESS 2014
SOUTHERN AFRICA

Nuusbrief 2

GEAGTE LID

Omsendskrywe na afloop van 2012 en die aanloop na 2013. Die Genootskap poog om deurlopend 'n beter diens aan u, ons telers, te lewer.

'n Vraelys word hierby aangeheg en word u versoek om die voltooide vraelys aan die kantoor terug te besorg voor of op 28 Februarie 2013. Die vraelys sal ons assisteer om 'n behoefte bepaling te doen en te help met ons kort- en langtermyn beplanning.

Sertifikate is nou op aanvraag beskikbaar. Elke teler het die opsie om sertifikate soos in die verlede d.m.v. per pos te ontvang. Nuwe bykomende opsies is nou beskikbaar, nl.: Per e-pos of die keuse om glad nie sertifikate te ontvang nie. Voltooi u vorm en stuur dit terug aan die kantoor voor of op 28 Februarie 2013.

Foto's van bekende kudde vaars "Vintage Bulls" (onaktief en of dood) wat 'n merk in ons industrie of in u kudde gemaak het, kan nou gratis op die Webtuiste geplaas word. Aktiewe diere se foto's kan ook op die web geplaas word teen 'n nominale fooi.

Opleidingsfonds wil geskep word om jong kandidate in opleiding beurs aan te bied. Meer inligting in die verband sal eersdaags bekend gestel word. Donateurs sal verwelkom word. Ons wil poog om terug te ploeg in ons lede en ons bedryf met die oog op ons toekoms.

Soos in die konstitusie vervat:

> *7.2 "Die jaarlikse ledegelde is vooruit betaalbaar op die 1ste dag van die Genootskap se finansiële jaar. 'n Per kapita-heffingsgeld is vooruit-betaalbaar op die 1 ste dag van die finansiële jaar ten opsigte van alle lewendige diere wat in 'n lid se besit is. Sodanige heffingsgelde is binne 'n bepaalde tydskeuse betaalbaar en verder onderhewig aan Klousule 8.*
> **(Help ons hiermee sodat ons, ons Genootskap behoorlik kan bedryf)**
>
> *7.3 Die Genootskap sal slegs een tussentydse per kapita-heffingslys aan 'n lid per jaar voorsien, as maatreël vir die tussentydse regstelling van 'n lid se heffingslys. Indien 'n lid versuim om die reggestelde per kapita heffingslys aan die Genootskap terug te besorg, binne 'n bepaalde tyd, sal 'n lid se heffingslys geag word as **prima facie** bewys van alle lewendige diere op daardie tydstip in sy besit. Die onus berus egter by 'n lid om die Genootskap voortdurend van enige verandering met betrekking tot sy heffingslys te voorsien. Betalings word bepaal in die Bylae van Gelde (Skedule A).*

In kort wil ons 'n versoek rig aan ons lede om toe te sien dat die per kapita heffingslyste volledig en akkuraat aan die kantoor besorg word voor 15 Februarie 2013. Reël asb. betyds betalingsplan met die kantoor.

Prysstruktuur vir 2013 is aangeheg vir u kennisname.

Betaling met ‘n maandelikse Debietorder kan gereël word met u eie finansiële instansie/Bank.

Indien ‘n volledige en eenmalige betaling van u jaarlikse per kapita heffing voor of op 15 April 2013, ontvang word, sal u geregtig wees vir ‘n korting van 5%.

Lede met geen geregistreerde diere, maar wat wel lid van die Brahman Genootskap wil wees, sal lidmaatskap R1500.00 (BTW uitgesluit) betaal. Sogenaamde lid ontvang al die voordele van ‘n volle lidmaatskap (joernale, SMS’e, korrespondensie) en voorregte van ‘n normale lid, uitgesluit stemreg. Die rekening moet voor of op 15 Maart 2013 vereffen word.

Vrugbaarheids Kansellasies

Alle inligting, geboortes, regstellings en vertoë wat ontvang is, is aangeteken. Finale verwerkings sal geskied voor 30 Januarie 2013, waarna diere wat nie voldoen aan die vereistes nie, gekanselleer sal word. Lyste van diere wat wel gekanselleer is, sal aan telers voorsien word. **Belangrik:** diere wat gekanselleer is, kan nie weer in ‘n stoet teelprogram gebruik word nie.

Stuur ASB u geboortes in vir aanmelding in die toekoms om hierdie gebeurtenis die hoof te bied.

Advertensieborde:

Die getal advertensiebordstaanplekke is verminder vanaf agt na vier sodat twee borde per staanplek opgerig kan word teen ‘n hoek wat verkeer vanaf beide rigtings kan akkommodeer met maksimum sigbaarheid. Die Promosiekomitee het vir ‘n verdere drie staanplekke (ses advertensieborde) begroot vir oprigting in 2013. Hierdie borde sal ontwikkel en vervaardig word deur firmas na aan die aangewese staanplekke om vervoerkoste te besny.

Veeplaas/Stock Farm:

Die Brahmangenootskap het ‘n reklamekontrak met Veeplaas/Stockfarm aangegaan.

Dit is ‘n uitstekende reklamegeleentheid en omvat ‘n aansienlike leserstal van beide Afrikaans- en Engelsprekende boere en verwante landbousake en –instellings, sowel as landbouskole, kolleges en universiteite.

Al ons lede sal gratis kopieë van Veeplaas/Stock Farm op ‘n maandelikse basis ontvang as deel van die pakket.

Foto’s en artikels vir die Joernaal :

Ons doen weer eens ‘n beroep op lede om vir ons foto’s van Brahmane in hul natuurlike habitat te verskaf vir publikasie. Gaan asseblief deur al u foto’s vir materiaal wat u na die Genootskap kan stuur. Neem ‘n kamera saam wanneer u, u beeste inspekteer. Ons het u hulp en insette ontsettend nodig.

Bogenoemde geld ook vir interessante artikels en leesstof wat u teëkom en insiggewend vir ons telers en kommersiële boere kan wees.

Oordrag van diere

Die kantoor ervaar toenemend dat kopers van diere aansoek doen vir diere-oordragte. Ongelukkig kan daar nie aan sulke versoeke gevolg gegee word nie daar die konstitusie uitdruklik bepaal dat die eienaar (verkoper, skenker, eksekuteur ens.) binne 60 dae na vervreemding die Genootskap aldus moet versoek. Sien klousule 9 van die Verordeninge in die verband.

Lede moet ook daarop bedag wees dat diere nie oorgedra kan word waar n transportgewer se dienste gestaak is nie. Sien klousule 7.4 van die konstitusie.

Volledige/Finale Uitverkopings

Lede word daaraan herinner dat die konstitusie op 31/08/2009 deur die AJV gewysig is en sedertdien soos volg bepaal

" 16.1 ‘n Lid wat n volledige of finale uitverkoping van sy kudde adverteer moet al die diere in sy besit vir verkoop aanbied. Na afhandeling van verkope word die reg op gebruik van die lid se voorvoegsel vir ‘n periode van vyf jaar verbeur, met dien verstande dat die Raad toestemming mag verleen vir hergebruik in geval van buitengewone omstandighede. "

Die Raad het op sy jongste vergadering besluit om hierdie bepaling nou streng toe te pas en word lede versoek om sonder uitsondering hieraan gehoor te gee. ‘n Lid wat so ‘n veiling wil aanbied word aangeraai om die kantoor vooraf te raadpleeg ten einde onsekerhede uit te skakel.

Streeks- en Klubdae:

Ons benodig nuus vanaf Streke en Klubs vir die Joernaal. Elke Klub is geregtig op een gratis bladsy in die Joernaal vir publikasie, benewens hul klub advertensie.

Namens die Brahman Beestelersgenootskap, Personeel en u Raad, wens ons u ‘n Voorspoedige en Opwindende Nuwe Jaar toe.

Vriendelike groete.

LLEWELLYN LABUSCHAGNE

DIE BRAHMAN BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA
THE BRAHMAN BREEDERS' SOCIETY OF SOUTH AFRICA
3 Chris Botha Straat/Street, Westdene, Bloemfontein
Privaatsak/Private Bag X12, BRANDHOF 9324
T. 051 444 0172/444 0175 F. 051 444 0961
E. info@brahman.co.za W. www.brahman.co.za

17TH WORLD BRAHMAN CONGRESS 2014
SOUTHERN AFRICA

VRAELYS:

Afdeling A

Ons vra ons lede om asb. die vraelys te voltooi en terug te stuur per e-pos (info@brahman.co.za), Faks (0514440961) of pos voor 28 Februarie 2013. Hierdie vraelys is die heel belangrikste vraelys wat in 10 jaar aan u gestuur is. Dit gaan u Raad help om kort-, medium- en langtermyn doelwitte te bepaal en uit te voer.

Tegniese diens / Rasverbetering / Keuring

As u nie die vraelys voltooi nie, beskou die raad dat u positief is oor tegniese diens, rasverbetering en graag keuring wil hê op u diere. Ons vra u egter mooi om asb. die vraelys te voltooi.

Vrae:

1. Soek u keuring van u diere?

JA	NEE

2. Wil u, u sertifikaat moet wys u dier is gekeur?

JA	NEE

3. Is u gemaklik as ons keurders aanstel vir elke streek om u diere te keur; soos byvoorbeeld leerling beoordelaars, saam met 'n beoordelaar?

JA	NEE

4. Moet u diere gekeur word deur die Rasdirekteur(RD) en/of Keurders (Beoordelaars)(KB) en/of tegniese beampte (TB) diens?

RD	KB	TB	ENIGE

5. Is u gemaklik dat alle diere by skoue self gemeet word deur vertoners?

JA	NEE

6. Tegniese diens moet verbeter word?

JA	NEE

7. Tans doen ons Rasdirekteur alleen kuddebesoeke om u kuddeverbetering te doen.

7.1	Wil u dit behou?	JA	NEE
7.2	Wil u dit uitbrei?	JA	NEE
7.3	Wil u addisionele hulp/diens by kry?	JA	NEE

7.4	Voel u dit is oorbodig en duur?	JA	NEE
7.5	Wil u net ‘n kudde besoek hê van die Rasdirekteur om kuddebeplanning te doen?	JA	NEE

8. **Prestasie Toetsing en Genetiese Verbetering**

8.1	Stem u saam met Prestasie Toetsing en BTw’s?	JA	NEE
8.2	Neem u deel aan Prestasie Toetsing?	JA	NEE
8.3	Indien nie, sal u graag Prestasie Toetsing wil doen?	JA	NEE
8.4	Verstaan u Prestasie Toetsing en BTw’s?	JA	NEE
8.5	Gebruik u “MATING PREDICTOR” en weet u wat dit is?	JA	NEE
8.6	Neem u deel aan die platinum program en verstaan u dit?	JA	NEE
8.7	Het u gehoor van “Breed Object” en weet u wat dit?	JA	NEE
8.8	Het u gehoor van “Genomics” en weet u wat dit is?	JA	NEE
8.9	Het u al gehoor van “Completeness of recording”	JA	NEE
8.10	Gebruik u die “HerdMaster” program?	JA	NEE
8.11	Het u meer opleiding nodig?	JA	NEE
8.12	Sal u, u beeste skandeer as die diens beskikbaar is?	JA	NEE
8.13	Sal u ‘n “Breedplan” en genetiese verbeteringskursus bywoon?	JA	NEE
8.14	Indien nie, hoekom nie?		

8.15	Het u ‘n skaal?	JA	NEE

9. Voel u ons kostes is in lyn?

JA	NEE

10. Dink u ons doen genoeg aan promosie?

JA	NEE

11. Kry u goeie diens van ons kantoor?

JA	NEE

12. Kan ons ander rasse akkommodeer om ons registrasies en kantoorwerk te verdeel om sodoende geld te spaar?

JA	NEE

13. Sou u ten gunste wees met 'n algemene bestuurder wat vir 4 of 5 rasse werk?

JA	NEE

14. Dink u dat ons 'n bosberaad moet hou in 2013?

JA	NEE

15. Sou u ten gunste wees as ons ons werk uitkontrakteur en dan met minder personeel klaar kom?

JA	NEE

16. Voel u gelukkig in u streek met u streekverteenwoordiger en gee hy vir u terugvoering oor alle komitee- en raadsake?

JA	NEE

Afdeling B

1. Wat wil u verbeter?

2. Wat pla u die meeste?

3. Doen u personeel:	Goed	Gem	Sleg
4. Doen u raad:	Goed	Gem	Sleg
5. Dink u die kommunikasie is:	Goed	Gem	Sleg
6. Hoe wil u dit verbeter?	Joernaal	Omsend-briewe	Streeks-verg.
7. Is u gemaklik met die huidige skou klere?	JA	NEE	
8. Wil u die skou klere weer verander?	JA	NEE	
9. Dink u rooi en wit beeste moet saam skou?	JA	NEE	
10. Is u gelukkig met twee aparte skouringe vir rooi en wit?	JA	NEE	

Antwoord asb. die vraelys. Ons sal dit net positief aanwend tot voordeel van ons ras.
Groete.

LLEWELLYN LABUSCHAGNE ***30.01.13***

VOLDOEN U AAN DIE VEEDIEFSTALWETGEWING?

Die **Rooivleisbedryfsforum** moedig alle rolspelers in die veebedryf aan om saam te werk om veediefstal te bekamp.

Veediefstal het die ekonomie van sowat R430 miljoen gestroop gedurende die 2011/2012 periode waartydens bokke ter waarde van R42 miljoen, skape ter waarde van R92 miljoen en beeste ter waarde van R295 miljoen gesteel is. Hierdie euwel het 'n verlammende effek op beide die kommersiële boerderysektor so wel as die opkomende sektor in die grootste gedeelte van die land.

Die toename in veediefstal kan nie alleen voor die deur gelê word van die Veediefstaleenhede en hul werksaamhede nie, maar ook daarmee saam die nie-nakoming van die bedryf wat nie toeslen dat vee behoorlik gemerk is nie. Lewende-hawekopers; soos voerkrale, boere, spekulante, veeveilings en abattoirs kan wees of is onwetend ontvangers van gesteelde vee en daardeur oortree hul die wet en kan daarvolgens swaar beboet of vervolg word.

Die ***Wet op die Identifikasie van Diere, (Wet 6 van 2002)*** **maak voorsiening vir die verpligte merk van vee** en die ***Wet op Veediefstal, (Wet 57 van 1959)*** **beheer die beweging van vee.** Beide hierdie wette is daargestel om die bedryf en die SAPD te ondersteun om veediefstal te bestry en om gesteelde vee makliker te kan terugvind. Dit blyk dat die grootste gedeelte van die veehandel nie gehoor gee aan die bepalings van die betrokke wetgewing nie en dus nie voldoen aan die basiese vereistes om veediefstal te bekamp nie. Die **Rooivleisbedryfsforum** moedig sy lede aan om streng aan hierdie wette gehoor te gee.

"Vele veediefstalhofsake gaan verlore as gevolg van geskille met betrekking tot die positiewe identifikasie van gesteelde vee en die vermoë om eienaarskap te bewys. As 'n dier gemerk is met 'n geregistreerde merk of getatoeeer is, kan geskille vermy word." sê Brig. Singh (Veediefstal-eenheid, hoofkantoor).

Die **Rooivleisbedryfsforum** versoek dringend:

- Dat alle vee-eienaars so gou as moontlik 'n **unieke brandmerk registreer, en om die geregistreerde merk op alle betrokke vee aan te bring** soos omskryf in die *Wet op die Identifikasie van Diere, (Wet 6 van 2002)*
- Dat die **'Dokument van Identifikasie' en 'Veeverwyderingsertifikate'** voltooi en verskaf word tydens alle transaksies
- Dat **alle veekopers, abattoirs, voerkrale en afslaers vee-eienaarskap bevestig en weier om lewende hawe in besit te neem wat nie gemerk is nie of waar die nodige 'Dokumente van Identifikasie' en 'Veeverwyderingsertifikate' die besending nie vergesel nie**
- Dat alle **'Dokumente van Identifikasie' vir 12 maande op rekord gehou word**

Die **Rooivleisbedryfsforum** doen 'n beroep op sy lede organisasies om dringend 'n aktiewe rol te speel in veediefstalbekamping en vra van die Veediefstaleenhede om die *Wet op die Identifikasie van Diere, (Wet 6 van 2002)* en die *Wet op Veediefstal, (Wet 57 van 1959)* streng toe te pas, **op alle veekopers vanaf 1 Januarie 2013 met *geen uitsonderings*.**

Indien alle belanghebbendes sowel as alle betrokke staatsdepartemente op nasionale en plaaslike vlak aktief betrokke raak in die toepassing van hierdie wette, sal meer veediewe aan die pen ry en die negatiewe ekonomiese impak van veediefstal op die Suid Afrikaanse Landbou verlig word.

FOOISTRUKTUUR - BTW Uitgesluit by alle bedrae / FEE
STRUCTURE - VAT excluded from all fees

2013

LIDMAATSKAP EN JOERNAAL / MEMBERSHIP AND JOURNAL		R	3,000.00
PER KAPITA / PER CAPITA			
JAARLIKS / ANUALLY	0-6	R	-
JAARLIKS / ANUALLY	7-12	R	10.00
JAARLIKS / ANUALLY	13-24	R	20.00
JAARLIKS / ANUALLY	25+	R	48.00
KWARTAALIKS / QUARTERLY	0-6	R	-
KWARTAALIKS / QUARTERLY	7-12	R	2.50
KWARTAALIKS / QUARTERLY	13-24	R	5.00
KWARTAALIKS / QUARTERLY	25+	R	12.00
ADISIONELE JOERNAAL / ADDITIONAL JOURNAL	NAMIBIË/NAMIBIA - NIE LEDE / NON MEMBERS	R	715.00
	ZIM/BOTSWANA - NIE LEDE / NON MEMBERS	R	482.46
	SA - NIE LEDE / NON MEMBERS	R	414.91
JOERNAAL ADVERTENSIES / JOURNAL ADVERTISEMENTS			
	VOLBLAD / FULL PAGE (A4)	R	2,000.00
	HALFBLAD / HALF PAGE	R	1,700.00
	DUBBELBLAD / DOUBLE PAGE	R	3,500.00
	KLUBS/CLUBS - VOLBLAD/FULL PAGE (indien 3 bladsye = 1 gratis/ if 3 pages = 1 free)	R	2,079.00
	CLASSIFIEDS - SMALL / KLEIN	R	544.50
	CLASSIFIEDS - RAS/BREED	R	804.65
	BUITE ADVERTEERDER/EXTERNAL ADVERTISER - VOLBLAD/ FULL PAGE	R	2,771.93
	BUITE ADVERTEERDER - HALFBLAD / EXTERNAL ADVERTISER - HALF PAGE	R	2,178.00
ANDER FOOIE / OTHER FEES			
	HERINSTELLINGS / RE-INSTATEMENTS	R	200.00
	HERINSTELLINGS PER JAAR /RE-INSTATEMENTS PER YEAR	R	50.00
	E-MAIL PAMFLETTE / E-MAIL PAMPHLETS	R	0.25
	UITGEBREIDE STAMBOME / EXTENDED PEDIGREES	R	17.00
	SERTIFIKAAT DUPLIKATE / CERTIFICATE DUPLICATES	R	45.00
	DNA PROFIEL / DNA PROFILE	R	140.00
	ADRES ETIKETTE / ADDRESS LABELS	R	500.00
	SKOU KATALOGUSSE / SHOW CATALOGUES	R	14.00
	FOTO'S OP WEB / PHOTOS ON THE WEB	R	25.00
	LEDELYS / MEMBER LIST	R	300.00
	NIE-LID OORDRAGTE / NON MEMBER TRANSFERS	R	150.00
	LAAT OORDRAGTE / LATE TRANSFERS 60 -180 DAE/DAYS	R	20.00
	LAAT OORDRAGTE / LATE TRANSFERS 180+ DAE/DAYS	R	99.20
	PLAAS BESOEKE / FARM VISITS	R	1,800.00
	TARIEF / TARIFF PER KM	R	4.00
	REGSTELLINGS / CORRECTIONS	R	60.00
	REGISTRASIE VAN VOORVOEGSEL / REGISTRATION OF PREFIX	R	320.00

FOOISTRUKTUUR - BTW Uitgesluit by alle bedrae / FEE
STRUCTURE - VAT excluded from all fees **2013**

LAATGEBOORTES / LATE BIRTH NOTIFICATIONS		
0 - 90 DAE / DAYS		gratis / free
91 - 120 DAE / DAYS	R	55.00
121 - 150 DAE / DAYS	R	80.00
151 - 180 DAE / DAYS	R	110.00
181 - 240 DAE / DAYS	R	160.00
241 - 300 DAE / DAYS	R	200.00
301 - 360 DAE / DAYS	R	200.00
361 - 450 DAE / DAYS	R	200.00
451 + DAE / DAYS	R	200.00

SKRYFBEHOEFTES / STATIONARY		
GEBOORTEKENNISGEWINGBOEKE / BIRTH NOTIFICATION BOOK	R	100.00
KUDDEREGISTER / HERD REGISTER	R	50.00

OPSTEL VAN VEILINGSKATALOGUS / COMPILATION OF SALE CATALOGUE		
VEILINGSKATALOGUS PER LOT / SALE CATALOGUE PER LOT	R	35.00
VEILINGSKATALOGUS OP WEBTUISTE PER LOT / SALE CATALOGUE ON WEB PER LOT	R	20.00
MEESTERKATALOGUS PER LOT / MASTER CATALOGUE PER LOT	R	20.00
VEILINGSKATALOGUS PER SMS / SALE CATALOGUE SMS	R	1.50
VEILINGSPAMFLET OP WEBTUISTE / SALE PAMPHLET ON WEB	R	300.00